

Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 22**

**INVENTARIS VAN DIE  
MARIUS SWART-VERSAMELING**

Saamgestel deur: P. Luus

Julie 2017

Pretoria

## Voorwoord

Prof. Marius Johannes Swart is op 28 November 1931 te Windhoek gebore. Hy voltooi sy matriekjaar in 1948 by Hoërskool Voortrekker te Boksburg. Daarna ontvang hy 'n merietebeurs om aan die Universiteit van Pretoria te studeer (1949 – 1952), waar hy sy doktorsgraad op 25-jarige ouderdom ontvang. Hy behaal ook sy onderwysdiploma aan die Onderwyskollege te Pretoria.

Prof. Swart se loopbaan strek oor meer as 40 jaar. Hy was 'n onderwyser (1954 – 1956), lektor in geskiedenis aan Unisa (1958), lektor by die Universiteit van Stellenbosch (1959 – 1961), lektor en hoof van die departement Geskiedenis by die Universiteit van Wes-Kaapland (1962 – 1964) en tot en met sy aftrede departementshoof aan die Universiteit van Port Elizabeth (UPE) (1965 – 1996). Hier is hy onder andere voorsitter van die Regulasiekomitee, lid van die Ere-gradekomitee en voorsitter van die Komitee vir Openbare Seremonies. Met sy aftrede in 1996 as departementshoof, was hy die langsdienende Senaatslid. Hy was vir twee termyne adjunk-dekaan en het in 1968 en in 1972 erekleure van die Studenteraad en die Raad van die UPE ontvang.

Hy was 'n besondere produktiewe historikus en baie publikasies het uit sy pen verskyn. Hy het wyd gepubliseer oor fasette van die Afrikaner se geskiedenis en die Afrikaanse kultuurlewe. Prof. Swart was lid van verskeie organisasies, soos onder andere die Port Elizabethse Museumraad (1967 – 1983) en die Historiese Genootskap van Suid-Afrika (1956 – 1996). In 1976 het hy lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geword. Hy is ook sedert 1970 betrokke by die hoofbestuur van die FAK. Van 1967 tot 1979 is hy lid van die hoofbestuur van die Rapportryerbeweging. Van 1973 is hy ere-president van die Port Elizabeth Afrikaanse Amateur Toneelvereniging (PEAAT) en is die nasionale voorsitter van die landwye 150ste-herdenking van die Groot Trek in 1988. Hy het veel vir die radio geskryf en gereeld oor die radio en op die televisie opgetree.

Prof. Swart was ook betrokke by die land se tasbare erfenis en was lid van die komitee verantwoordelik vir die oprigting van 'n gedenkteken rakende die konsentrasiekamp in Port Elizabeth. Hy was lid van die komitee wat die Piet Retief-

monument in 1975 van Coega na Port Elizabeth verskuif het. Hy was ook lid van die komitee wat in 1990 die Piet Retief-terrein in Port Elizabeth herskep het. By baie van hierdie gebeure het hy die hoofrede gevoer.

Prof. Swart het verskeie ere-toekennings in sy loopbaan ontvang soos onder andere die FAK se Halfeeufestoekenning (1979), die FAK se Prestige Toekenning vir Kultuur (1988) en die Rapportryerbeweging se Danie Theron Kultuurtoekenning vir Uitnemende Diens (1995). Hy was getroud met Yvonne Wessels en vyf kinders is uit die huwelik gebore. Beide prof. Swart en Yvonne is in 2007 oorlede.

<b>Inhoudsopgawe</b>	<b>BI</b>
1. Vergaderings	1
2. Korrespondensie	1
3. Kongresse / Konferensies	3
4. Verslae	3
5. Toesprake / Lesings / Referate	4
6. Persoonlike inligting	10
7. Uitnodigings / Programme / Spyskaarte	10
8. Radiopraatjies	11
9. Manuskripte / Inligtingstukke	11
10. Notas	11
11. Kaartjies	11
12. Toere	12
13. Publikasies	12
14. Foto's	13
15. Klankbande	13
16. Plakboeke	14